# ONTHOU OM TE ONTHOU

DEUT. 8:2 “Jy moet onthou…”

1. KAN JY NOG ONTHOU?
*“Vroeër was ek ‘n geheelonthouer. Deesdae onthou ek net die helfte.”*
Ek hoop julle **matrieks** wat binnekort met julle eindeksamen begin, is almal “geheelonthouers”! Daarvoor is dit natuurlik belangrik om **deeglike hersiening** te doen.
**Om te onthou is ook om ander redes belangrik.** Een van die borge van ons almanak het gevra dat ons by Oktober hierdie woord sal plaas: **Eben-Haeser**. Ek **kan raai** hoekom.
Nadat die Here aan Israel ‘n wonderbaarlike oorwinning oor hulle vyande gegee het, het Samuel ‘n klip regop staan gemaak en dit Eben-Haeser genoem, *“want”,* het hy gesê, *“tot nou toe het die Here ons gehelp.”* (1 Sam 7:12) <u>Daardie klip moes hulle help onthou.</u> Dit was soos ‘n *knoop* in ‘n mens se sakdoek, of ‘n *monument*. Elke keer as iemand daar verbykom, moes hy **terugdink** aan wat God daar vir hulle gedoen het. Elke jaar as ons **by Oktober** kom, moet ons terugdink aan wat God vir ons gedoen het. Dis mos ons verjaardagmaand. Ons het op 9 Okt 40 jr oud geword.
<u>‘n Verjaardag is ‘n **onthougeleentheid**</u>. Dit is dan weer tyd om ‘n slag *hersiening* te doen. Sulke onthougeleenthede kan ons nogal op baie maniere help om die **eksamen van die lewe** suksesvol af te lê.
**Hoe dan so?** Is ‘n verjaardag nie maar net ‘n verskoning vir ‘n lekker partytjie nie?

2. VERGEETAGTIGHEID VEROORSAAK PROBLEME
Die boek Deuteronomium begin waar Moses die volk **herinner aan hulle geskiedenis**. – die goeie en die slegte tye. Hy beklemtoon dit in hoofstuk 6 dat hulle die verhaal ook aan hulle *kinders* moet vertel sodat dit nie vergete raak nie. In hoofstuk 16 lees ons van sekere *feesdae en feeste* wat ingestel is om van die belangrikste gebeure te herdenk. Hierdie feesdae was bedoel as **‘n hulpmiddel teen vergeetagtigheid.** <u>Hulle kon nie bekostig om te vergeet nie!</u> Die **opskrif** bo-aan hoofstuk 8 sê: *Moenie die Here vergeet nie*. Vers 2 *“Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het…*” vs 11: *“Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet nie…”* vs 18 *“Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie…”* en vs 19 *“As jy ooit die Here jou God vergeet en ander gode aanhang en hulle dien en vereer, verklaar ek vandag dat jy beslis tot niet sal gaan.”*

<u>Het ons sulke hulpmiddels vandag nog nodig</u>? Vir seker! Daarom vier Gereformeerde kerke wêreldwyd byvoorbeeld eerskomende Sondag **Hervormingsfees**. Daarom vier ons elke jaar Kersfees en Paasfees en Pinksterfees. Daarom het Jesus die **nagmaal** ingestel met die opdrag: *Doen dit tot my gedagtenis*. Daarom lees ons die **Bybel**. Daarom hou ons **kerk.** In die l**ofliedere** word ons herinner aan die groot dade van God; in die **wet** word ons herinner aan die eise van Gods wil en aan ons skuld; in die **woorde van vryspraak** word ons herinner aan God se genade om Christus ontwil; in die **geloofsbelydenis** aan wie ons is en wat ons glo; in die **offergawes** dat ons met alles wat ons is aan God behoort; in die **voorbidding** aan die nood van ander en ons verantwoordelikheid teenoor hulle; in die **seën** dat ons brose en afhanklike mense is wat nie sonder die seën kan en hoef te lewe nie.

‘n Mens en ‘n gemeente kan nie in die verlede bly lewe nie, maar om gereeld so herinner te word, het groot waarde. Dit word baie duidelik wanneer ‘n mens die boek Deuteronomium lees.

3. DIT HELP OM  TE ONTHOU

3.1 Dit behoort eerstens vir ons  **<u>vertroue</u>** te gee <u>vir die pad vorentoe</u>. Moses: (7:18)*“Moenie vir hulle (die vyand) bang wees nie. Dink net wat die Here jou God met die farao en die hele Egipte gedoen het.”*  “Behoort” - Dit werk egter **nie altyd** so nie: *“Julle het in die woestyn ondervind hoedat die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot hier gekom het, gedra het soos ‘n man sy seun dra.* ***Maar tog*** *het julle nie julle vertroue gestel in die Here julle God wat op die pad voor julle vooruit gegaan het om kampplekke vir julle uit te soek nie.”* (1:31,32). **Die gevolg** was dat hulle nog 40 jr in die woestyn rondgeswerf het! Ons kan ook God se seëninge mis loop omdat ons Hom nie vertrou nie.
3.2 Tweedens help dit ons om **<u>perspektief</u>** <u>te behou</u> en nie vas te kyk teen wat op die oomblik aan die gebeur is nie: *“Gaan stel ondersoek in na die verre verlede, na die dae lank voor julle tyd, van die tyd af dat God die mens op die aarde geskep het, … en kyk of so iets magtigs al gebeur het …”* (4:32). As dit nou sleg gaan met die ekonomie byvoorbeeld, help dit om te onthou dat daar al in die verlede ook sulke tye was en dat die wêreld danksy God dit wel oorleef het.
3.3 Wanneer ons terugkyk op die pad waarlangs ons gekom het, help dit ons om **<u>koers te hou</u>** vorentoe: *“Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees …”* (5:33) Is ons **nog op die pad** wat die Here vir ons aangewys het?
3.4 Dit herinner ons aan **<u>wie ons is en Wie s’n</u>** <u>ons is</u>: *“Jy is ‘n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.”* (7:6) Dit is ook ons **identiteit** en dis HY aan Wie ons **verantwoording** verskuldig is.
3.5 ‘n Mens kan natuurlik ook baie **<u>leer</u>** <u>uit die verlede</u>: *“Julle mag nie die geduld van die Here julle God op die proef stel soos julle by Massa gedoen het nie.”* (6:16) *“Jy moet diep in jou hart weet: soos ‘n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.”* (8:5) Ons moenie daardie lesse vergeet nie, want dan maak ons dalk weer soos ‘n **donkie** dieselfde foute.
3.6 Herinnering aan die verlede kan jou ook <u>bewaar van</u> **<u>hoogmoed</u>**: *“Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.”* (8:17,18) en ‘n paar verse verder: *“Jy moet goed onthou dat die Here jou God nie hierdie goeie land vir jou gee om in besit te neem omdat jy volmaak is nie. Jy is ‘n hardkoppige volk. Moenie vergeet hoe julle die Here julle God kwaad gemaak het in die  woestyn nie. Vandat julle uit Egipte weggetrek het totdat julle op hierdie plek aangekom het, was julle die hele tyd in opstand teen die Here.”* (9:6,7) Herinneringe hou jou **nederig**.
3.7 Deur te onthou waar hulle vandaan kom, sou hulle **<u>meer deernis hê</u>** teenoor ander wat swaar kry: *“Jy mag nie die regte van ‘n vreemdeling of van ‘n weeskind van hulle af wegvat nie. Jy mag nie die klere van ‘n weduwee as pand neem nie. Jy moet onthou dat jy in Egipte ‘n slaaf was, en dat die Here jou God jou daaruit bevry het. Daarom beveel ek jou om al hierdie dinge te doen.”* (24:18) … *“Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir ‘n vreemdeling of ‘n weeskind of ‘n weduwee. Jy moet onthou dat jy in Egipte ‘n slaaf*

*was. Dit is waarom ek jou beveel om al hierdie dinge te doen."* (21,22) As ons bv onthou dat ons voorouers ook op 'n stadium **vreemdelinge** was (Hugenote) en **polities verdruk** was en **verarm** was, sal ons meer meegevoel hê met mense wat dit vandag ervaar.
3.8 Herinnering aan die verlede is terselfdertyd 'n herinnering aan **wie God is** en wat ons aan Hom **verskuldig** is: *"**Wy jou aan Hom** en moenie hardkoppig wees nie. Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here: die groot God, die magtige, wat wonderdade doen, wat vir niemand partydig is nie en ook nie omkoopgeld aanneem nie."* (10:17) *"Jy moet **Hom prys**, want Hy is jou God en Hy het al hierdie magtige wonderdade wat jy met jou eie oë gesien het, vir jou gedoen."* (21) Die Here wou hê dat die feeste **tot sy eer** gevier moes word: *"Onthou die maand Abib en vier die paasfees tot eer van die Here jou God"* (16:1) en met **blydskap: Lees 16:9-15**. Die feeste is geleenthede om *dank en erkentlikheid* teenoor die Here te betoon en saam met ander tot sy eer *vrolik* te wees.

4. MAAK KLIPPE STAAN
Geliefdes, daar is tye in 'n gemeente en in elke mens se bestaan wanneer dit nodig is om 'n klip regop staan te maak en te sê: "***Eben-Haeser***: *Tot hiertoe het die Here my/ons gehelp.*" Tye om **stil te staan** en na te dink oor vrae soos: *Waarvandaan kom ons? Hoe het ons hier gekom? Wie het ons langs die pad gehelp?* En dat ons aan hulle **dank en erkenning** sal gee. Dit is wat ons graag as gemeente ook wil doen met ons verjaardagvieringe.
Dis ook 'n **tyd om te vra**: *Is ek/ons nog op die Here se pad? Is ons besig om vordering te maak? Wat kan ons leer uit foute wat in die verlede gemaak is? Waarheen is ons oppad en waarheen wil ons? Waarheen wil God met ons? Hoe gaan ons daar uitkom?*

Daar is BAIE mense om voor dankie te sê, maar as **kinders van die Here** weet ons dat ons **dank** in die heel **eerste plek** aan ons Hemelse Vader toekom. **Nes Israel** hul verlossing uit Egipte nie verdien het nie, het ons ons verlossing deur Jesus Christus ook **nie verdien** nie. As ons terugkyk oor die pad waarlangs Hy ons gelei en gedra het, het ons ook **baie rede tot** *nederigheid, dankbaarheid* en *blydskap*. Die herinneringe behoort ons ook **te vul met** *deernis* teenoor minderbevoorregtes en met *vertroue* vir die toekoms, wetende Hy sal vir ewig nog daar wees.
Die boek Deuteronomium sluit af waar **Moses afskeid** neem van die volk en sterf. Daar is ook die **minder aangename herinneringe** uit die verlede. Mense, leiers, ouers kom en gaan, maar, soos Moses self in hoofstuk 33 sê: *"Die ewige God is 'n skuilplek, **sy arms** is altyd onder jou."* (:27)

5. KOM VEREER HOM!
Kom ons **vereer Hom** almal saam volgende Sondag deur ons **afspraak met Hom na te kom,** (soos ons elke Sondag behoort te doen),
en deur ons **Lofofferbydrae,** (soos elke jaar),
en ons wy **onsself** opnuut aan Hom toe vir die pad hiervandaan verder!

Amen

Vrae vir bespreking:
Is 'n vak soos Geskiedenis vir jou belangrik?
Watter onthougeleenthede beteken vir jou baie in jou verhouding met die Here?

Kyk na die 8 redes onder punt 3. Watter daarvan staan vir jou uit?
Vir wie, naas God, wil jy graag dankie sê?